# SKOLEBEDIENING: Week van Gebed – Dag 3

**Benodighede**: Trek skoene uit. Al die helpers moet kaalvoet wees. Blaaitjies en penne

**Doel van les:** Om te bid dat die Here ons sal help om vir ander van Hom te vertel.

**Les (5 min):**

Wie van julle hou van voete? Hou julle van hoe voete lyk? En wat van hoe hulle ruik? Kom ek gaan julle wys hoe lyk my voete. Dink julle nie my voete is mooi nie? Wie wil aan my voete kom ruik?

Voete is nie gewoonlik die mooiste liggaamsdeel aan iemand se lyf nie. Mens sal gewoonlik sê iemand het mooi oë of mooi hande, maar nie dat iemand mooi tone het nie.

Voete kan sleg ruik as dit heeldag in stewels en kouse was en party tone kan krom lyk.

Weet julle wie hou van voete? God!

Romeine 10:15 sê: "Hoe wonderlik klink die voetstappe van die wat die goeie boodskap bring."

So hierdie gedeelte wys vir ons dat God baie hou van ons voete wanneer ons gaan en die goeie boodskap gaan vertel aan ander van Jesus en dat Hy vir ons nuwe lewe gee.

- **Tyd vir stil gebed (5 min)**: Het jy al vir iemand van Jesus vertel? Het jy dalk al 'n vriend of familielid na die kerk of jeug genooi? Het jy al saam met iemand gebid? Skryf een ding op die blaaitjie neer wat jy dadelik gaan begin doen sodat jou voete aan die beweeg kan kom. Bid nou daaroor en dat jou voetstappe lieflik sal klink vir God.

- **Afsluiting (5 min):** Plak die blaaitjie op die commitment plakkaat om te wys dat jy onderneem om van vandag af jou voete vir Jesus te laat werk.